Laerskool Stellenbosch

Beleid insake veiligheid en sekuriteit

HIERDIE PROSEDURE MOET PERIODIEK GE-OEFEN WORD. DIT IS ELKE OPVOEDER SE VERANTWOORDELIKHEID OM TOE TE SIEN DAT LEERDERS WEET WAT OM TE DOEN.

1. SEINE

1. Lang sein skoolklok -ontruiming.
2. Reeks kort seine skoolklok –gewapende aanval.
3. Opdragte oor interkom deur Skoolhoof.
4. Gebruik van handklok indien die krag af is.
5. Boodskappers - personeel of leerders (verkieslik personeel).

2. VERANTWOORDELIKHEDE VAN PERSONEELLEDE

1. Bewaar hierdie noodplan agter u klaskamerdeur in dieselfde houer waarin u lokaalinventaris gehou word.
2. Voeg elke jaar 'n klaslys van elke klas wat u in u lokaal ontvang, by die noodplan.
3. Sorg dat elke leerder die noodplan en prosedures, seine, ens. baie goed ken. Hulle moet kan reageer selfs al is u nie teenwoordig nie.
4. Stel sekere leerders aan om spesifieke take te onderneem in geval van ontruiming bv. Tydens beweging uit die skoolgebou, ens.
5. Personeellede vergesel u klas, behalwe die wat spesifieke take het. Reel met 'n kollega om toesig te hou.
6. Nadat u klas versorg is, moet u, u motor verwyder indien dit in gevaar verkeer of in die pad van die brandweer is.
7. Elke personeellid moet 'n brandblusser kan hanteer.
8. Indien u klas deur 'n brand bedreig word, verwyder duur en waardevolle artikels sonder om u leerder en u eie lewe in gevaar te stel.
9. Die leerders ontruim u klas sonder hul boeksakke.

3. SPESIFIEKE OPDRAGTE

1. Kontrole deur die gebou, kleedkamers, ens.: Indien u rapporteer dat leerders nie by die versamelpunt buite die skool is nie, sal die Noodbeheer persone aanwys wat die leerders sal gaan soek.
2. Noodhulp: Mev. Charlotte van der Merwe
3. Hoofskakelaar: Skoolhoof of enige opvoeder wat weet hoe om dit te doen:
4. Bomdreigement: Rapporteer aan die Skoolhoof. Prosedure word ingesluit.

4. REAKSIE VAN LEERDERS OP SEINE

1. Reeks kort seine - gewapende aanval van buite in die klaskamer: Leerders val plat onder hul banke.
2. Reeks kort seine - gewapende aanval op leerders op die skoolterrein: Leerders gaan die skool binne deur die naaste deur en gaan sit in die gang.
3. Lang sein: Ontruiming van die skoolgebou.
4. Leerders stap flink in rye. Onderste verdieping twee rye, boonste verdieping drie rye.
5. Almal stap ordentlik geen paniek, geselsery of hardloop nie.
6. Leerders beweeg ver genoeg van die skoolgebou om hulle teen vallende materiaal te vrywaar.
7. Alle leerders bly buite in klasverband bymekaar. Maak op die klaslys seker of almal daar is.
8. Orde moet gehandhaaf word.
9. Klasse bly buite totdat die Noodbeheer opdrag gegee het dat die skoolgebou weer binnegegaan moet word.
10. Alle leerders vergader in klasverband op die B-rugbyveld. Die graad 7-klasse links en graad R regs.
11. Elke personeellid moet toesien dat sy klasdeur toegemaak word wanneer die klaskamer verlaat word.
12. In geval van 'n brand, moet die klas wat laaste die skool verlaat, die deur toemaak.

5. UITGANGE

Tydens ontruiming besluit die opvoeder watter uitgang die naaste is en ook die veiligste is. Oordeel self en bepaal die veiligste rigting vir ontruiming.

6. ONTRUIMING VAN DIE SAAL

Die Skoolhoof of opvoeder in beheer, reël die beweging van leerders m.b.v. die luidspreker. Leerders beweeg flink met hul klasopvoeders deur die uitgange soos aangedui deur die persoon in beheer.

7. NOODHULPPUNTE:

1. Agter die skool by netbalbaan/aktiwiteitsentrum. Noodhulp toerusting sal daar wees.
2. In die geval van beserings moet beseerde leerders na die noodhulppunt voor die skool gebring word.
3. In die geval van ernstige beserings, sal mev. Charlotte van der Merwe besluit op die vinnigste optrede.

8. BRANDBEHEER

1. Dit is die verantwoordelikheid van die Skoolopsigter en sy personeel.
2. Indien daar 'n brandblusser in u klaskamer is of teen 'n muur naby u klas, reël dat dit tydens ontruiming na die grasperk voor die skool gebring word.
3. Die brandspan sal hiervandaan beheer word deur die Skoolhoof of die Noodbeheerder.

9. BOMBEDREIGING KONTROLELYS: TELEFOON PROSEDURE

INSTRUKSIES:

LUISTER
Wees kalm, bedagsaam
Moenie die persoon wat skakel onderbreek nie
Moet nie probeer om die oproep deur te skakel nie - die telefoonverbinding kan verlore gaan as gevolg van meganiese probleme of 'n onbemande telefoon.

HOU DIE PERSOON AAN DIE PRAAT - VRA VRAE:

1. Wanneer sal dit ontplof? ..... Huidige tyd: ..... Tyd oor: .....
2. Watter soort bom is dit? .....
3. Waar is dit? ..... Gebou ..... Vloer .....
4. Waarom hou u nie van hierdie skool nie? .....
5. U weet dat mense sal seerkry as die bom ontplof? .....
6. Hoe weet u so baie van die bom? .....
7. Waar is u nou? .....
8. Wat is u naam? .....

AANTEKENINGE VAN DIE STEM: (Merk af of teken aan)

OPROEPER SE IDENTITEIT: Manlik | Vroulik | Volwasse | Minderjarig
GESKATTE OUDERDOM IN JARE: : .....
OORSPRONG VAN OPROEP: Plaaslik | Langafstand | Publieke telefoon | Intern

STEM

Sag	Vinnig	Stadig	Afrikaans	Engels	Aksent
Hoë toon	Diep	Duidelik	Verwronge	Uitstaande	Goed
Aangenaam	Kraak	Stotter	Neusklank	Vuiltaal	Gebroke
Aangeklam	Onduidelik	“Lisp”	Aaneen		

AANVAAR DEUR DIE BEHEERLIGGAAM OP 25 FEBRUARIE 2010

_____ _____

VOORSITTER SEKRETARESSE

_____

SKOOLHOOF